


» **Weet jy** wie is Sarah Rooi van Witvlei?

Sarah Rooi en die boek wat sy oor haar lewe geskryf het.



Sarah by een van haar grootmaakouers se kleinkinders. FOTO'S VERSKAF

# Die Nama-meisietjie in die skoenboks



Meer as twee dekades gelede kry 'n wit middeljarige egpaar van Witvlei 'n skoenboks op hul voorstoep. In die skoenboks lê 'n bondeltjie Nama-babameisietjie.

» **Henriette Lamprecht**  
JOERNALIS

e-pos: henriette@republikein.com.na

**G**ebore op 6 Mei 1972 en gelos in 'n skoenboks op die stoep van Jan en Marie van Vuurens van Witvlei. So begin die storie van Sarah Rooi meer as veertig jaar gelede. Sy is die grootmaakkind van die Van Vuurens en woon vandag langs die Kaapse kus op Kleinmond, nou self die ma van 'n seuntjie wat sy as haar "alles" beskryf.

Vandag is Sarah 'n bobaaskok, maak die "lekkerste kaaskoek in die hele Wes-Kaap" en droom van eendag haar eie koffiewinkel besit. Maar van gister tot nou lê 'n wêreld se soek en gemis om te weet van haar eie mense, iewers 'n bloedlyn wat sy kan trek

na haar toe.

Toe die Van Vuurens die bondeltjie baba op hul stoep kry, het hulle eers gewag. Dalk kom haal haar ma haar weer en sê dit was alles 'n groot fout. Maar nooit kom sê iemand die lyfie is hare nie en Jan en Marie, wie se kinders toe reeds uit die huis was, besluit om die babatjie self groot te maak.

Marie kies 'n naam wat by die meisietjie in die boks se herkoms pas en so word die bondeltjie in die boks die Van Vuurens van Witvlei se Sarah.

Sy was bitter lief vir haar grootmaakouers, sê Sarah. Hulle het haar met waardes grootgemaak, iets waarvoor sy hulle vandag steeds dankbaar is.

Sarah is nooit skool toe nie en het as huis-hulp vir die Van Vuurens gewerk.

"Ouma" het al Sarah se klere gemaak en haar persoonlike benodigdhede is vir haar gekoop en gegee. Self het sy nooit geld hanteer of 'n winkel geken nie.

Haar grootmaakouers was baie streng, sê Sarah en erken dat sy beslis "uit" gevoel in haar tyd by hulle.

Sy was twaalf toe haar grootmaakpa of Oupa soos sy hom genoem het, dood is. Toe sy twintig is, sterf haar grootmaakma en in 'n oogwink was sy "stoksielalleen in hierdie wêreld."

Die hartseer om die vrou te verloor wat vir haar 'n moederfiguur was, was oorweldigend.

"Ek was bitter lief vir haar."

## KAAPSE DAE

Na Ouma se dood verhuis Sarah saam met die mense wat haar toe inneem en versorg, na Seepunt in Kaapstad. Hoewel dit vir haar voel of sy haar herkoms nou nog verder agterlaat, gaan 'n nuwe wêreld vir die Namakind van Witvlei oop.

Vir die eerste keer sien sy busse, winkels, iets soos 'n poskantoor. Stadig maar seker word sy deel van die wêreld om haar en raak al hoe meer selfstandig soos sy dinge om haar ervaar en ontdek. Haar liefde vir kosmaak begin in die kombuis van die gesin by wie sy toe bly wat haar leer kook. Omdat sy nooit skool toe is nie, kon Sarah nie lees of skryf nie, maar ook hier word 'n engel op haar pad gestuur. Tussen die rakke van 'n biblioteek in Kaapstad leer 'n vrou met die naam Viv vir Sarah lees en skryf.

Uiteindelik kan sy dit wat in haar hart en lewe gebeur, op papier sit en skryf sy uiteindelik twee boeke oor haarself en haar lewe.

Sarah glo vandag haar regte ma het nie die Van Vuurens geken toe sy haar dogter op hul stoep gelos het nie.

"Sy wou dalk net seker wees dat ek 'n beter lewe sou hê."

Maar lief wonder oor waar sy vandaan kom, hoe haar ma lyk, hoekom sy haar dogtertjie by mense kon los wie se kultuur so anders as hare was, het Sarah soos 'n skaduwee gevolg.

Sy was lief vir haar grootmaakouers, maar die gevoel dat sy 'n weggooikind was, was immer deel van haar. Van die Namakultuur en -gewoontes, hoe hulle leef en doen, hoe hulle woorde vorm en skryf, weet sy niks.

"Ek wil so graag weet hoe my eie mense lyk. Het ek broers en susters? Wat het

## Pupkewitz Honda Hats, Roses & Champagne Brunch 05 October 2013

The Cancer Association of Namibia would hereby like to warmly thank all our Sponsors.  
Without your support this event wouldn't have been possible!

- Pupkewitz Honda
- Watkins Valuer
- Honey
- Nampower
- Corpo e Alma
- Interpack
- Tropizone
- Knerts Creations & Craft
- Karnic
- The Body & Face Place
- Citi Shoetique
- De Vlinder Health & Skincare

- Complete Woman
- Orange River Cellars
- Cecil Nurse Business Furniture
- Hartlief
- Curves
- Funky Silver
- Baines Kelders
- Coetzee Straat Kelders
- Academia Bottle Store
- Faikas
- Tupperware
- Metro Cash & Carry - Liquor

- CIC
- Springer Schokoladenfabrik
- Vanilla House Interiors
- Shzen Normandie
- BRG Biokinetics

To all the Ladies that attended Pupkewitz Honda Hats, Roses and Champagne Brunch 2013 a BIG thank you - you all looked amazing!

Looking forward to seeing you all next year.





Sarah in haar jongdae op Witvlei.



Sarah Rooi en haar seuntjie, Benjamin.



Leonie Erasmus van Kleinmond wat Sarah met haar soektog help.

gemaak dat my ma my op die Van Vuurens se stoep gelos het?"

Wat die soektog na haar ma bemoeilik, is die feit dat Sarah se geboorte nooit deur haar biologiese ma geregistreer is nie. Al wat saam met haar in die skoensok was, was 'n groen doopseël wat sê die meisietjie is op 6 Mei 1972 gebore.

Sarah is vandag die ma van klein Benjamin wat in 2005 gebore is. Hy is haar hele lewe, sê sy en vir hom sal sy enigiets doen.

#### LEONIE, DIE SOEKER

Dis op Kleinmond waar sy 'n bobaaskok by 'n restaurant is, waar haar paaië met dié van Leonie Erasmus kruis wat bekend is as die vrou wat biologiese ouers en hul aanneemkinders herenig.

Leonie vertel sy het nog altyd 'n passie gehad om ouers en kinders wat deur aanname geskei is, weer bymekaar te bring.

"'n Ma vergeet tog nooit haar kind nie en dit is die enigste manier hoe ma en kind

albei afsluiting kan vind."

Sy het vir die eerste keer in 1989 'n vrou gehelp om haar broers en susters op te spoor nadat hulle in pleegsorg geplaas en later deur verskillende ouers aangeneem is. Dit sou egter eers 'n dekade duur voordat sy in 1999 bedank by die maatskappy waar sy voltyds gewerk en intensiewe opleiding in die opsporing van mense ontvang het, om haar passie voltyds uit te leef.

Sedertdien het Leonie al honderde ouers en kinders herenig, maar beklemtoon sy, daar is 'n baie streng prosedure wat sy moet volg.

"'n Biologiese ma moet op die regte manier benader word. Soms weet haar man en ander kinders nie dat sy destyds 'n baba vir aanneming opgegee het nie."

Vroeër was daar ook 'n wet wat verhoed het dat ma en kind na mekaar soek, maar dit het in 1987 verander. Volgens Leonie moet die aangenome persoon volgens die nuwe Suid-Afrikaanse kinderwet wat in 2010 in werking getree het, 18 jaar oud wees om na sy of haar biologiese ouers te soek. DNA-toetse word ook gedoen om ouerskap te bewys.

"Ek kry baie dikwels dat die biologiese pa wat as sodanig deur die biologiese ma in dokumente aangedui is, nie die werklike pa is nie en dan kan DNA-toetse dit bevestig."

Die lekkerste deel van haar werk is as sy sommer 'n groot gesin van 'n biologiese ma met haar aanneemkind kan herenig. 'n Voorbeeld hiervan is die ma van drie dogters wat volgende week ná 42 jaar met haar aangenome seun herenig word.

"Almal is opgewonde en kan nie meer wag nie, maar ons werk nog daaraan om 'n sentrale dorp aan hul woonplekke te vind."

Leonie vertel dat die gesin die ontmoeting 'n naweek lank gaan vier, met al die kinders en hul kinders, niggies, nefies, skoonsusters en swaers wat gaan saamkuier. 'n Professionele fotograaf is selfs gehuur om al die spesiale oomblikke op kamera vas te vang.

Maar, sê Leonie, die eer kom haar nie toe nie.

"Ek het 'n gawe van God ontvang om mense te herenig en is net sy instrument wat die werk met sy hulp doen."

Natuurlik kom sy struikelblokke teen. Vroeërjare was mense lief om hul kinders familienaam te gee en dikwels dra tot meer as 2 800 mense dieselfde naam en van. Tot 1987 is 'n biologiese ma ook deur die wet beskerm dat sy nooit opgespoor of gesoek kan word nie en het instansies wat aannemings toe hanteer het, min inligting oor die ma in die aannemingsleër aangeteken.

Leonie beklemtoon dat baie streng reëls en regulasies geld van hoe om te werk te gaan om 'n biologiese ma te benader wanneer haar aangenome kind haar soek.

"'n Aangenome kind kan nie sommer net sy ma bel of by haar huis opdaag nie. Dit sal baie groot probleme vir albei partye veroorsaak en die hele proses verongeluk."

Hartseer gevalle is waar ouers van aangenome kinders nooit vir hulle gesê het hulle is aangeneem nie en die biologiese ma dan na hulle soek.

"Ek het 'n broer en suster gehelp wat toe

reeds onderskeidelik 53 en 54 jaar oud was. Hulle het op hierdie hoë ouderdom per ongeluk uitgevind hulle is aangeneem en dit was 'n baie hartseer storie."

#### 'N DRUKKIE VIR MY MA

Leonie se droom is om Sarah en haar biologiese ma voor Kersfees te verenig.

"Sy wou 'n beter lewe vir haar kind versaker, maar ek en Sarah weet sy sou nooit haar dogtertjie vergeet nie."

Volgens Leonie is 'n ma wat haar kind op iemand se stoep los, dikwels bang sy sal vervolgt word vir kinderverlating as sy ooit sou erken dit was sy.

"Niemand sal van haar weet as sy my kontak nie. Ek sal haar net met haar kind herenig nadat ek baie seker gemaak het dat dit sy is en dat DNA bewys het sy is die biologiese moeder."

Leonie reken Sarah was moontlik die vrou se eerste baba, met omstandighede wat gemaak het dat sy nie haar babadogtertjie kon versorg en voed nie.

"Nie ek of Sarah of enigiemand sal hierdie ma ooit veroordeel vir wat sy gedoen het nie."

▪ **Enigiemand wat iets weet van Sarah Rooi van Witvlei of oor enige moontlike inligting oor haar herkoms of haar ma of familie beskik, kan vir Leonie by +27 79 400 8279 of per e-pos by leonie.erasmus@telkomsa.net kontak. Haar webtuiste is [www.adoptedchild.co.za](http://www.adoptedchild.co.za).**

▪ **Sarah se boek is uitgegee deur Ebony Books in Kaapstad en kan bestel word by tel. +27 21 949 8220 of per e-pos by [books@e-comp.co.za](mailto:books@e-comp.co.za).**

## WINDHOEK TO WALVIS BAY & SWAKOPMUND

### DEPARTURE TIMES

DEPARTING FROM WINDHOEK @ 9AM	DEPARTING FROM WALVIS BAY @ 10AM
Mondays	Mondays
Wednesdays	Wednesdays
Fridays	Fridays
Saturdays	Sundays



### COACH FEATURES

- REFRESHMENTS
- LUXURY RECLINING SEATS
- AIR CONDITIONING
- FAMILY-FRIENDLY ENTERTAINMENT
- SAFETY BELTS
- 24HR SATELLITE TRACKING
- DRIVE CAM
- 95KM/H SPEED LIMIT

### CONTACT US

Tel +27 (0) 21 380 4400 (South Africa)  
+264 (0) 61 227 847 (Namibia)  
info@intercape.co.za  
prayer@intercape.co.za  
www.intercape.co.za  
@IntercapBus  
mobi.intercape.co.za